

OM EENVOUDIGE VRAE TE VRA EN RELEVANTE DATA TE IDENTIFISEER*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0[†]

1 WISKUNDE

2 Vermenigvuldiging en Deling

3 Vermenigvuldiging

4 OPVOEDERS AFDELING

5 Memorandum

6

7

8 LEERDERS AFDELING

9 Inhoud

9.1 AKTIWITEIT: Om eenvoudige vrae te vra en relevante data te identifiseer [LU 5.1]

9.2 Om data te versamel en vrae te beantwoord [LU 5.2]

9.3 Om data te organiseer en aan te teken [LU 5.4]

9.4 Om data te ondersoek om die sentrale neiging te beskryf [LU 5.5]

9.5 Om grafieke te teken [LU 5.6.1/2]

9.6 Om data krities te lees en te interpreteer [LU 5.7.2]

** Hierdie is 'n taak vir jou portefeulje.

Werk so netjies soos jy kan, maar kyk eers hoe jou taak geassesseer gaan word.

1. Kom ons kyk na die ontbytgewoontes van jou klasmaats. Vra die leerders in jou klas wat hulle vir ontbyt eet.

2. Maak 'n opnameblad van die inligting wat jy versamel het in die blok hieronder:

Byvoorbeeld:

*Version 1.1: Apr 6, 2009 11:06 am -0500

[†]<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

GRAAD 6	
ONTBYT	AANTAL LEERDERS
Warm pap	2
Brood	1
Beskuit	6
Graankos	3
Vrugte	8

Table 1

Table 2

3. Jy het reeds kennis gemaak met 'n verskeidenheid grafieke. (Onthou jy nog?) Kyk of jy die inligting hierbo op 'n grafiek kan aanteken:




Figure 1

4. Vind nou uit WATTER pap die gewildste onder jou klasmaats is.

5. Vind ook uit wat die prys daarvan per boks / houer is en bereken wat jy sal moet betaal as jy EEN daarvan vir ELKE leerder in jou klas wil koop.

6. Skryf nou 'n kort verslaggie oor jou navorsing i.v.m. jou klasmaats se ontbytvoorkeure en -gewoontes.

ASSESSERING: ONTBYTDATA

KRITERIA	1	2	3	4
Netheid en organisasie	Werk is slordig en ongeorganiseerd.	Werk is georganiseerd, maar moeilik leesbaar.	Werk is netjies en georganiseerd, maklik leesbaar.	Netjiese, duidelik uiteengesitte werk; duidelik leesbaar.
Grafiek	Geen poging is aangewend nie.	Feitlik alles is verkeerd aangedui.	Een of twee foute is begaan.	Grafiek is korrek en netjies.
Volledigheid	Navorsing is nie gedoen nie. Nie alle vrae is beantwoord nie.	Baie van die inligting ontbreek.	Slegs enkele vrae is nie beantwoord nie.	Opdrag is volledig uitgevoer.
Korrektheid van berekenings	Al die antwoorde is verkeerd bereken.	Baie foute is begaan.	Min foute is gemaak.	Antwoorde is almal korrek bereken.

Table 3

10 Assessering

Leeruitkomst 5: Die leerder is in staat om data te versamel, op te som, voor te stel en krities te ontleed om gevolgtrekkings en voorspellings te maak, en om toevallige variasies te interpreteer en te bepaal.

Assesseringstandaard 5.1: Dit is duidelik wanneer die leerder eenvoudige vrae stel oor sy/haar eie skool en gesinsomgewing, en gepaste databronne vind ten einde menseregte, sosiale, politieke, kulturele omgewings- en ekonomiese kwessies in daardie omgewing te identifiseer;

Assesseringstandaard 5.2: Dit is duidelik wanneer die leerder eenvoudige dataversamelingsvelle (wat tellings vereis) en eenvoudige vraelyste (met ja/nee tipe antwoorde) gebruik om data te versamel (alleen en/of as 'n lid van 'n groep of span) ten einde vrae te beantwoord wat deur die onderwyser, self of die groep gevra word;

Assesseringstandaard 5.4: Dit is duidelik wanneer die leerder data organiseer en aanteken deur gebruik te maak van tellings en tabelle;

Assesseringstandaard 5.5: Dit is duidelik wanneer die leerder ongegroepeerde numeriese data ondersoek om die telling (modem) wat die meeste voorkom, en die middelpunt (mediaan) van die datastel te bepaal, om sodoende sentrale neigings te beskryf;

Assesseringstandaard 5.6: Dit is duidelik wanneer die leerder 'n verskeidenheid van grafieke met die hand of tegnologies teken om data voor te stel en te interpreteer (gegroepeer of ongegroepeer), insluitend:

5.6.1: prentdiagramme (piktogramme) met 'n veel-tot-een-ooreenstemming en 'n geskikte sleutel;

5.6.2: staafigrafieke en dubbele staafigrafieke;

Asseseringstandaard 5.7: Dit is duidelik wanneer die leerder data wat op verskillende wyses voorges-
tel word (insluitend eie voorstellings, mediavorstellings – woorde, grafieke, sirkeldiagramme), krities lees en
interpreteer om sodoende afleidings te maak en voorspellings te maak wat sensitief is teenoor die rol van:

5.7.2: afdelings binne die data (bv. ouderdom, geslag, ras).

TOETS

1. Vul die ontbrekende woorde in:

In $17 \times 240 = 4\,080$ noem ons:

- 1.1 408 die _____
- 1.2 17 die _____

- 4 080 'n _____ of 240.

(3)

2. Skryf al die faktore van 36 neer:

(2)

3. Omkring die fout(e) in die volgende som:

$h = 953 \times 18$

953

18

7 634

9630

17 264

(3)

4. Bereken die volgende. Wys al jou bewerkings:

4.1 $m = 239 \times 37$

(3)

4.2 'n Boer vervoer 238 kratte met 85 appels in elk na die mark. Hoeveel appels word by die mark
afgelaai?

(4)